SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 22 MEI 2022

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins uit in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

Terwyl daar aandag gegee word aan die probleme wat sommige lede ervaar met toegang tot die SARL-webbladsye, is 'n bykomende kanaal nou beskikbaar. Teken in by www.amateurradio.org.za om die weeklikse SARL News-oudio-opnames af te laai en om Amateur Radio Today te luister of af te laai.

In die nuus vandag:

DIE SARL LIDMAATSKAPFAKTURE

DIE TOP BAND QSO PARTYTJIE IN JUNIE

en

DIE WERK ALLE KONTINENTE-TOEKENNING

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin ons bulletin met nuus van twee stil sleutels.

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van James Gardener, ZS1ROY op Saterdag 21 Augustus 2021 stil geword het. Die SARL-kantoor is eers hierdie week in kennis gestel. Ons betuig ons innige meegevoel met sy familie en vriende.

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Kelvin Killian, ZS5IW stil geword het op Saterdag 14 Mei 2022. Hy het die RAE in 2005 geskryf en geslaag en is die Arland Usher Goue Pen vir die hoogste eksamenpunte toegeken. Kelvin sal gemis word deur die daaglikse Maritieme Net waar hy vir baie jare as Hoë-see Net-beheerder was. Ons betuig ons innige meegevoel met sy familie en vriende.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE SARL LIDMAATSKAPFAKTURE

Die ledegeld vir Gewone en Oorsese lede het van R498 na R500 verander. Al die ander klasse lidmaatskap het dieselfde gebly as verlede jaar. Die Lidmaatskap-

fakture sal in die komende week uitgestuur word aangesien die Kantoor besig is met die RAE-proses.

Kelley vra dat geen duplikaat-e-posadresse vir familielede gebruik mag word nie, elke lid moet sy of haar eie e-posadres hê. Dit help met die databasisbestuur en die faktureringproses. Verder vra sy dat wanneer jy jou lidmaatskap betaal, net jou roepsein as verwysing op die EFT of deposito gebruik.

HAMCHALLENGE 2022

In SARL Nuus van 8 Mei 2022 is inligting gegee oor die IARU Streek 1 Ham-challenge 2022. Die Jeugland ARK het 'n idee aan IARU Streek 1 voorgelê en sal moet wag totdat die uitslae bekend gemaak word by Ham Radio in Friedrichshafen, wat plaasvind vanaf 24 tot 26 Junie. Alle sterkte aan die Jeugland-span!

DIE TOP BAND QSO PARTYTJIE IN JUNIE

Die Wesrand ARK nooi graag alle radio amateurs uit om van 8 tot 12 Junie aan die SARL Top Band QSO Partytjie deel te neem. Die Top Band is 160 meter, so begin jou antenna konstruksie. Dit is ook die ideale tyd om te werk aan jou Top Band-sertifikaat. Al die kompetisie-inligting kan gevind word op bladsy 38 van die 2022 SARL Blou Boek.

Ter voorbereiding vir die QSO-partytjie beplan die Wesrand Klub 'n Tegniese Praatjie oor die 160 m-kompetisie en onderwerp soos antenna tipes, logstate en die kompetisiereëls. Dit vind plaas om 19:00 SAT op Dinsdag 24 Mei via Zoom. Stuur 'n e-pos na zs6pvt@gmail.com of 'n WhatsApp aan Phillip by 083 267 3835 vir die Zoom-vergadering-uitnodiging skakel.

KOMPETISIE LOGSTATE

Gerhard, ZS3TG van die Noord-Kaap ARK het berig dat die zs3nc@qsl.net e-pos problematies is. Die sluitingsdatum vir logstate is tot Dinsdag 24 Mei verleng. Die ontvangs van jou logstaat sal deur die Klub erken word.

Logstate vir die SARL 80 m-klub kompetisie moet slegs na contest@sarl.org.za gestuur word en na geen ander e-posadres nie.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE WERK ALLE KONTINENTE-TOEKENNING

Die Werk Alle Kontinente (WAC) toekenning word geborg deur die Internasionale Amateur Radio-unie (IARU) en word uitgereik vir die werk en bevestiging van al ses kontinente. Dit beteken een QSO met elk van Noord-Amerika, Suid-Amerika, Oseanië, Asië, Europa en Afrika. Altesaam 6 QSOs.

'n Vyf-Band Werk Alle Kontinente toekenning is ook beskikbaar. Jy moet al ses kontinente op elk van die 5 primêre Amateur-bande van 80, 40, 20, 15 en 10 meter werk en bevestig. Die Vyf-Band WAC is streng slegs 'n band-toekenning,

dit kan nie op enige modus onderskryf word nie. Besoek www.iaru.org/on-the-air/operating-awards/ vir meer inligting.

KLUB NUUS

Donderdag 26 Mei is tyd vir die Sandton "Tech Talk." As jy belangstel in wat werklik bokant ons aangaan, moet jy dan nie hierdie praatjie mis nie. Ons spesiale gas is bekende satelliet-ghoeroe, Tom Van den Bon, ZR6TG en hy sal ons meer vertel oor hoe om die beste op satelliete in te luister, om hul telemetrie te ontvang en te dekodeer en hoekom jy sou wou. Ja, hul telemetrie, so nou kan jy spioeneer op die satelliete wat op jou spioeneer, veral omdat Tom 'n lys van hulpbronne sal verskaf om dit maklik te maak. Die "Tech Talk" is om 19:00 SAT hierdie Donderdag 26 Mei 2022 op die 145,700 herhaler sowel as via Echolink ZS6STN-R. Inroepe begin om 18:45 en almal is welkom. Kom spandeer asseblief die uur saam met ons en geniet die kennis deel.

Die Wesrand ARK nooi almal uit na die kattebak-verkope op Saterdag 28 Mei by die Klubhuis in Krotonstraat, Weltevredenpark. Die hekke sal soos gewoonlik om 10:00 oopmaak vir almal om gesellig te verkeer en ons heerlike hamburgers op Internasionale Hamburger dag te geniet. Verkope begin om 11:30, al die gewone verkopers sal dit bywoon, die Klub sal ook 'n tafel hê. Bespreek jou staanplek en tafel deur Phillip, ZS6PVT te kontak op selfoon 083 267 3853 of e-pos zs6pvt@gmail.com.

Wat doen jy op Sondag 29 Mei? Die Sandton ARK bied vanaf 10:00 SAT 'n oop sosiale piekniek-braai en 'n gesinsvriendelike jakkalsjag-geleentheid by die Veld- en Studiesentrum in Parkmore Sandton aan en jy word uitgenooi. Die park is gesin- en troeteldier vriendelik met badkamers. Al wat jy moet saambring is jou familie, vriende, kos, drinkgoed en toebehore en o ja, 'n hand-radio en antenna as jy gaan deelneem aan die redding van Fred en Fiona, ons twee radio-jakkalse wat ons verstaan uit hul laaste vervormde telefoon-kontak, hulself verskriklik verdwaal het in die park en gered moet word.

Gelukkig vir hulle is hulle toegerus met VHF noodreddingsbakens wat op die dag aktief sal wees. Alle jong redders sal 'n 'goodie bag' van Fred en Fiona as dankie ontvang. Sluit asseblief by ons aan vir 'n kuier en piekniek of braai (braai-kole sal beskikbaar wees) en 'n super uitstappie saam met vriende, familie en mede-amateurs en dalk ook Fred en Fiona as hulle betyds vir middagete gered word. Besoek asseblief die SARL se komende gebeurtenisse dagboek vir verdere besonderhede.

KOMPETISIE NUUS

Die eerste been van die ADV Buis QSO Partytjie is op 7 en 8 Mei gehou. Vir die AM QSO Partytjie is slegs 2 logstate van die 29 deelnemers ingedien.

1ste Ludwig Combrinck, ZS5CN - 54 punte

2de Johan van Zyl, ZS4DZ - 11 punte

Vir die ESB QSO Partytjie is 8 logstate van die 78 deelnemers ingedien.

1ste Chris Avenant, ZS6CPA - 60 punte

2de Pieter Nel ZS3PN – 49 punte

3de Johan van Zyl, ZS4DZ - 43 punte

Die ZS0AWA-stasie het 24 punte in AM QSO Partytjie en 100 punte in ESB QSO Partytjie behaal. Dit was teleurstellend om die gebrek aan buis-radio's wat in die kompetisie gebruik word te sien, maar baie geluk aan die hoë punte makers. Dankie aan almal wat deelgeneem het.

Vier logstate is ontvang vir die eerste been van die Vroeë Oggend Koffie QSO Partytjie wat op Woensdag 11 Mei gehou is.

1ste Christi Grobbelaar, ZS4CGR – 49 punte

2de Chris Avenant, ZS6CPA - 45 punte

3de Gert du Plessis, ZR6GRT - 27 punte

4de Roy Walsh, ZS3RW - 16 punte

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak gematig gaan wees. Tans is daar sewe sonvlekke met eenvoudige tot gevorderde magnetiese samestellings sigbaar. Daar is 'n hoë waarskynlikheid vir die voorkoms van C- en 'n laer waarskynlikheid vir die voorkoms van M-klas sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 126 vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laatmiddag goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. 6 m kan ook aangenaam verras. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

23 Mei – Sluitingsdatum vir 80 m Klub logstate

24 Mei – die Wes-Rand 160 m Tegniese praatjie

26 Mei – Hemelvaart dag en die Sandton 'Tech Talk'

28 Mei – Internasionale Hamburger dag en die Wesrand snuffelmark

28 en 29 – die CQ WPX GG-kompetisie

29 Mei – Die Sandton Jakkals-jag en die sluitingsdatum vir SARL VHF/UHF Digitale logstate

31 Mei – Republiekdag

4 Junie - Internasionale Kaas dag en die SARL VHF/UHF Aktiwiteitsdag

4 en 5 Junie – die IARU Streek 1 GG Velddag

8 tot 12 Junie – die SARL Top Band QSO Partytjie

12 Junie – die Hammies QSO Partytjie

Om die bulletin mee af te sluit, ‘n opsomming van ons hoof berig:

Die ledegeld vir Gewone en Oorsese lede het van R498 na R500 verander. Al die ander klasse lidmaatskap het dieselfde gebly as verlede jaar. Die Lidmaatskap-fakture sal in die komende week uitgestuur word aangesien die Kantoor besig is met die RAE-proses.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die ’news inbox’ skakel nie later as die Vrydagmiddag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na ”Amateur Radio Today.” Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. ’n Heruit-sending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sen-traal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur ’n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na ’n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Dennis Green, ZS4BS, geproeflees deur Deon Erwin, ZS1ZL en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week wat voorlê.